

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 Desember 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 111:2, 4 (p. 553)

- 2 Sy dadeⁿ is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genadeⁿ in ewige skrif / vir al wie arm is en ellendig.
- 4 Die werk van God is reg en waar: / onwrikbaar-vas, onwankelbaar / wat sy bevel aan ons verkondig;
bevestig is dit in sy stand, / verwerklik word dit deur Gods hand / in trou en regtheid, diep en grondig.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

Psalm 33:6, 10 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.
- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Skriflesing: Eksodus 14:10-28; 2 Konings 4:1-7; Lukas 1:26-38

Kernverse: Lukas 1:37

Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.
(Lukas 1:37 AFR53)

Tema: Niks is vir God onmoontlik nie!

Ons betree weereens Kerstyd, 'n tyd waarin gesinne en families bymekaar kom. Dit is ook 'n tyd waarin gelowiges die geboorte van ons Verlosser, Jesus Christus, die Seun van God gedenk. Vir ons gaan dit in hierdie tyd oor meer as die gesellige samesyn van families en gesinne. Ons blydschap word nie veroorsaak deur die geskenke wat ons van ander mense ontvang of wat ons vir ander mense gee nie. Maar ons is bly omdat God sy Seun wat Hy vir eeue aan sy mense beloof het, vir ons gegee het.

Geliefde broers, susters en kinders van ons Here Jesus, oor twee en twintig dae is dit Kers-dag. Die vier Sondae voor Kersfees staan ook as Adventsondae bekend. *Advent* in die kerk se woordeskat beteken die naderende koms van Christus. Jesus Christus se koms na hier-die wêreld is inderdaad ook die begin van die grootste wonders wat God bewerk het. Dit is as gevolg van hierdie wonder dat ons vandag as Christene bekend staan en Christene is.

En dit is nou op die saak van wonders wat die Heilige Gees ons aandag vanaand wil vestig. Ons glo en bely dat ons God almagtig is. Dit is juis deur middel van sy wonders wat die Here vir ons wys hoe almagtig Hy ter wille van sy mense is. In tye waarin dit vir mense lyk of alles tevergeefs is, aangesien die lewe hulle in 'n doodloopstraat gebring het, betoon God Homself in sy almag. Vir mense lyk dit asof alles maar net aangaan en dan gryp God skielik in. Maar inderwaarheid is dit nie so nie. God laat alles so verloop dat ons kan sien; met ons menslike krag en vermoë en wetenskap kan ons nie uit hierdie doodloopstraat kom nie. Dit is in hierdie doodloopstraat-situasies waar God ondanks alle wetmatighede wat Hy ingestel het sy almag ter wille van sy kinders openbaar.

Die Heilige Gees lei ons op die spoor van die drie wonders waarvan ons gelees het sodat ons oë in hierdie feestyd kan oopgaan en oop bly vir die wonders van God. Dan sal die woorde: ***Ek glo in God die Vader die Almagtige*** wat ons Sondag na Sondag bely nie net woorde wees nie maar werklikheid vir ons wees.

Die eerste wonder waarop die Heilige Gees ons aandag vestig, is die wonder by die uittog uit Egipte. Met sy wolkkolom bedags en vuurkolom snags het die Here vir Israel die woestyn ingelei op pad na die beloofde land toe. Die makliker en kortste pad na die beloofde land het al langs die kus deur die Filistynse gebied gegaan. Maar dit is ook die gevaarlikste pad, aangesien oorlog met die Filistyne sou veroorsaak dat die Israeliete spyt kon kry dat hulle uit Egipte vertrek het.

Die pad waarop die Here sy volk gelei het, het egter nie net na die woestyn gelei nie, maar ook reguit na die see toe. Israel was onbewus daarvan dat hulle reguit na die see toe trek. Toe hulle daardie nag by die see aangekom en kamp opgeslaan het, het hulle ook nog nie geweet dat farao hardkoppig besluit het om hulle met al sy strydwaens te agtervolg om hulle terug te jaag Egipte toe nie. Eers toe hulle afgepak het na die dag se trek het hulle die gedreun van perdepotte oor die aarde hoor aankom.

Benoud roep hulle na die Here en hulle slinger verwyte na Moses. Moses, hoekom het jy ons nie eerder in Egipte gelos nie. Daar is mos begraafplekke in Egipte. Jy het ons nou in 'n doodloopstraat gebring, Moses. Voor ons lê die diep blou see en agter ons kom die duiwel in die gestalte van farao en sy weermag aan. Hoe sal ons uit hierdie nood kan kom en bly lewe?

Die Here het vir Moses op pad na die see toe gesê dat Hy sy mag teen farao en sy weermag gaan laat geld sodat hulle kan besef dat God die Here is. Maar hoe die Here sy mag gaan laat geld, het Moses nog nie geweet nie. Daarom kon Moses die Israeliete gerusstel en ver-seker dat die Here hulle gaan red. Daarop het die Here aan Moses sy bevel gegee: Trek julle verder, reguit see toe. Lig jou kiere op en steek jou hand oor die see uit en kloof dit oop sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaan.

Intussen het die Engel van God wat altyd voor die Israeliete was en ook die wolkkolom agter die Israeliete inbeweeg, sodat die Engel en die wolkkolom tussen Israel en die Egiptenaars was. En Moses het gehoorsaam aan die Here sy kiere opgelig en sy hand

oor die see uitgesteek. Almal kyk met verwagting om te sien wat gaan gebeur. Dan doen die Here dit: Hy stuur 'n sterk oostewind wat die water wegdryf sodat die water oopgekloof en die see droog gelê is. Soos 'n muur het die water weerskante van die droë pad gestaan en die Israeliete het daardie nag deur die see getrek onder beskerming van die Here.

Steeds het farao en sy manne koppig ingedryf – teen die Engel van God – agter die Israeliete aan. Teen die oggend het die Here verwarring onder die Egiptenaars gebring. Hulle stryd-waens se wiele het uitgeval en hulle kon nie verder voortjaag nie. Teen dagbreek het die Here die see laat terug stroom oor die farao en sy weermag. En nooit weer het die Israeliete die farao en sy weermag so gesien soos daardie nag agter hulle aan nie. Teen alle ver-wagtings in, teen alle wetmatighede wat Israel van water en die see geweet het, het die Here sy mag laat geld. Hy is die Here die Almagtige. Ter wille van sy volk het die Here Hom geopenbaar as die almagtige God van hemel en aarde wat ook die see kan oopkloof vir sy volk. Niks is vir God onmoontlik nie!

Broer, suster en kind van ons Here, God betoon sy almag nie net ter wille van sy volk as ge-heel nie. In sy sorg vir sy hele volk vergeet die Here nie van die enkeling nie. Met die tweede wonder waarop die Heilige Gees ons aandag vestig, wys Hy ons dat die Here ook sy almag ter wille van die enkeling betoon.

Baie van ons weet of het al gesien of gehoor watter armoede daar in 'n land kan heers na 'n oorlog. Die gebeure waarvan ons lees in 2 Konings 4 het juis plaasgevind na die oorlog tussen Israel en Moab. En asof die oorlog nie genoeg was nie, sterf die vrou van wie ons lees se man ook nog. En asof dit ook nie genoeg is nie, laat hy haar agter met 'n klomp skuld en sy het niks om die skuld mee te betaal nie. Die enigste waardevolle ding wat sy in die huis het, is 'n erdekannetjie olie, heeltemal te min om die skuld te betaal.

Die enigste ander menslik moontlike oplossing vir hierdie penarie is dat die vrou haar twee seuns in slawerny aan die skuldeisers moet gee. In Israel was dit 'n aanvaarbare praktyk en ook volgens hulle reg. Die enigste voorwaarde is dat die seuns na ses jaar weer vrygelaat moes word. Elke pa en ma sal weet dat so 'n oplossing soos hierdie een wat die vrou in die gesig gestaar het 'n hartverskeurende oplossing is. Daarom is dit te verstane dat die vrou nie graag haar seuns in slawerny wil afstaan nie.

Daar is egter nog een laaste uitweg en sy kies daarvoor, sy gaan na Elisa, die profeet van die Here. By hom gaan sy kla:

U dienaar, my man, is dood, en u weet self dat u dienaar die HERE gevrees het.
(2 Konings 4:1b AFR53)

Hiermee verwyf sy nie die Here vir die doodloopstraat waarin sy nou is nie. Sy noem dit eerder as pleitgrond by Elisa. Die skuld wat haar man gemaak het, is immers nie die Here se skuld dat hy dit gemaak het nie, en sy besef dit. Daarom kan sy nie die Here verwyf vir die doodloopstraat waarin sy nou verkeer nie.

Al het haar man deur sy eie toedoen haar nou in 'n benarde posisie gelaat met die skuld, wil die Here tog sy almag aan hierdie dogter van Hom betoon om vir haar en Israel baie meer te leer as dat Hy die almagtige God is wat wonders doen. Nadat sy gesê het wat sy het, naamlik 'n erdekannetjie olyfolie, gee die Here deur Elisa aan haar die bevel. Haar seuns moet al wat 'n leë kruik in die dorp is, gaan leen en na haar huis toe bring. Dan moet hulle die deur agter hulle toemaak en uit die kannetjie uit moet sy die kruike volmaak.

Die vrou het toe gaan maak soos die Here haar beveel het. Agter die toe deur van haar huis het sy begin om elke leë kruik wat haar seuns vir haar aangebring het vol te maak. Uit haar erdekannetjie het sy die kruike volgemaak totdat daar nie meer een leë kruik in die hele dorp was nie. Met hierdie wonder het die Here die vrou en haar twee seuns uit die doodloopstraat uitgelei. Die geld wat sy vir die verkoop van die kruike olie gekry het, was genoeg om al die skuld te betaal en nog te leef van die geld wat oorgebly het.

Maar met die wonder het die Here veel meer as dit gedoen. Olyfolie was een van die belangrikste landbouprodukte van Israel. Onder invloed van die afgodery wat Israel by die heidene aangeleer het, het hulle ook begin glo dat Baäl die natuurgod sorg dat daar oorgenoeg olyfolie is. Die Here wys met hierdie wonder dat Hy egter in beheer van sake is. Hy het nie olyfbome en olyfperse nodig om aan sy kinders olyfolie te gee nie. Uit 'n klein erde-kannetjie het die Here olyfolie vir hierdie vrou laat vloei sodat sy al wat 'n leë kruik in die dorp kon volmaak.

Teen alle verwagtings in, teen alle wetmatighede in wat die vrou en ons weet, bewys die Here sy almag. Die vrou en ons weet dat 'n mens olyfbome en olyfperse nodig het om kruike met olie vol te maak. Die vrou en ons weet dat jy nie al wat 'n leë kruik is met een klein erde-kannetjie aanhoudend kan volmaak nie. Maar die Here is nie gebind aan wetmatighede nie. Ondanks al hierdie ooglopende hindernisse, doen Hy sy wonder vir hierdie dogter van Hom. Niks is vir God onmoontlik nie!

Geliefdes, sommige van ons het op ons lewenspaaië ook op plekke uitgekom, waar ons geen uitweg kon raaksien nie. Jy was of miskien is jy nou in 'n doodloopstraat in jou lewe. Tog glo jy dat die Here jou gelei tot waar jy vandag is en jy is heeltemal reg. Die Here het jou gelei tot waar jy is. Hy wou jou in hierdie doodloopstraat bring, want Hy wil sy almag ook aan jou bewys ter wille van jou en alle ander mense. Of miskien het Hy jou al uit die dood-loopstraat gelei.

Was ons eie land met ons politieke bestel van die verlede nie in 'n doodloopstraat nie? Inderdaad, ons was, maar die Here het ons ook daaruit op 'n wonderbaarlike wyse uitgelei. Ons land is nie in 'n bloedbad gedompel soos baie van ons voorsien het nie. En die wyse waarop God ons uit die doodloopstraat uitgelei het, is miskien nie wat ons self wou gehad het nie, naamlik 'n regering met kommunistiese bande nie. Maar laat ons tog ons oë oopmaak en God se almag raaksien en weet God is nie aan wetmatighede gebind nie.

En die feit dat ons gelowig is en die Here dien, is nie 'n waarborg dat ons nooit in 'n doodloopstraat sal kom nie. Die feit dat die vrou se man 'n profeet was, het nie haar en haar seuns van 'n doodloopstraat gevrywaar nie. Deure gaan toe voor ons en deure word in ons gesigte toegeslaan, want die Here wil sy almag in ons lewens 'n werklikheid laat wees. Die woorde wat ons bely, moet nie net woorde wees nie, maar geloof wat ons lewens beheers.

Daarmee bring die Heilige Gees ons by die derde wonder, die aankondiging van Jesus se geboorte uit die maagd Maria. Nadat die engel Gabriël aan haar aangekondig het dat sy die uitverkore vrou is uit wie God sy Seun mens wil laat word en wat Hy gaan doen, verwoord Maria alle mense se verbasing oor God se werk. Dadelik vra sy: Hoe is so iets moontlik aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie? Maria en ons weet watter wetmatighede geld sodat 'n vrou 'n kind in die wêreld kan bring; 'n man en 'n vrou moet omgang met mekaar hê sodat daar 'n kind verwek kan word.

Dan sê Gabriël hoe God dit gaan doen. Hy het by die menswording van sy Seun nie 'n man nodig nie. Die Heilige Gees sal oor Maria kom en die krag van die Allerhoogste, die

almag-tige God, sal die lewe in haar wek. Daarom word Jesus heilig genoem, die Seun van God. Net God kon die lewe op so 'n wonderbaarlike wyse in Maria gewek het. Niks is vir God onmoontlik nie!

Maria kry egter ook nog 'n teken dat die woorde van Gabriël waar is. Haar tante wat haar lewe lank onvrugbaar was, het in haar ouderdom swanger geword en drie maande later sal haar seun gebore word. Niks is vir God onmoontlik nie!

Met hierdie woorde van God wat die engel Gabriël gespreek het, het die Heilige Gees die geloof en vertroue in Maria se hart gewerk. Sy kon glo dat niks vir God onmoontlik is nie. Daarom maak sy die geloofsuitspraak dat sy tot beskikking is van die Here sodat kan gebeur wat die Here gesê het. En ons almagtige God het in Maria die lewe gewek sodat sy Seun 'n mens kan word – nie net ter wille van Israel nie, nie net ter wille van die enkeling Maria nie, maar ter wille van die hele mensdom, ter wille van al God se uitverkore kinders.

Die Seun van God het die mens Jesus Christus geword, want Hy moes die lank beloofde wonder kom vervul. Hy moes as ewige Koning, hoogste Profeet en enigste Hoëpriester God aan mense kom preek en die uitverkorenes deur sy dood en bloedstorting heen kinders van God maak. Die ganse mensdom verkeer in die doodloopstraat wat net die ewige dood beteken as gevolg van hulle sonde. Geen menslike vernuf of wetenskap kan die mens uit hierdie doodloopstraat lei nie. God alleen kan dit doen, en Hy het dit gedoen. Hy het verlore sondaars deur sy Seun kinders van Hom gemaak, erfgename van die ewige lewe, erf-gename saam met Christus. Geliefde broers, susters en kinders, jy wat glo dat God jou Vader en Christus jou Verlosser is, is die duidelike bewys dat God almagtig is en alleen wonders doen. Hy het jou uit die kloue van 'n sekere en ewige dood gered en lewendig gemaak ter wille van sy heilige Naam.

Mag die Here met hierdie Kersfees ons oë oopmaak en oophou sodat ons weer sy wonders mag raaksien. Mag die Heilige Gees ons geloof versterk, want ons het geloof nodig om die wonders raak te sien en God se almag te loof en te prys. Mag die almag van God 'n werklikheid in jou en my lewe wees sodat ons lewe kan getuig dat niks vir God onmoontlik is nie.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.